# Hoofstuk 1 Entrepreneurskap

## Hoofstukoorsig

Sodra ŉ persoon ŉ besigheidsidee het, moet dit ontwikkel word in 'n werklike besigheid. Die keuse van ŉ volhoubare produk, doeltreffende produksie, bemarkingsplan en ŉ goeie finansiële haalbaarheidstudie is noodsaaklik vir die versekering van ŉ geslaagde besigheid.

## Eenheid 1 Die oorgang van ŉ idee na die produksie en bemarking van 'n produk

### Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid gaan jy:

- ŉ potensieel-winsgewende besigheidsgeleentheid identifiseer
- die idee en spesifikasie van die produk formuleer.

## Eenheid 2 Keuse van ŉ geskikte produk

### Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid leer die leerders oor:

- faktore om te oorweeg tydens die entrepreneur se keuse van ŉ geskikte produk vir kleinskaalse produksie.
- die beskikbaarheid van:
    - menslike vaardighede
    - finansiële hulpbronne
    - werkspasie
    - grondstowwe wat plaaslik beskikbaar is
    - verbruikerstrekkrag.

## Eenheid 3 Die doeltreffende produksie van gehalte-produkte

### Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid leer die leerders van:

- die konsep van gehalte
- die faktore wat die doeltreffende produksie van gehalte-produkte beïnvloed, soos beplanning, nakoming van spesifikasies, gehaltebeheer, netjiese werkplek, higiëne van die werkers, versigtige beheer oor finansies en verbruikerstrekkrag
- die vereistes vir gehalte-produkte: Toepaslik vir die teikengroep, aanbieding van die produk, gehalte van grondstowwe, gehalte van ontwerp van verpakking, gehalte van berging, veiligheid, etikettering
- doeltreffende gebruik van tyd, doeltreffende bergingsprosedures, kliëntbetrekkinge, onderhoud van toerusting, opleiding van personeel
- volhoubare produksie en verbruik: die verantwoordelikheid van verbruikers en produsente
- berging en afleweringstrategieë.

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

## Eenheid 4 Ontwikkeling van ’n bemarkingsplan

### Eenheidsoorsig

Die leerders gaan in hierdie eenheid kyk na die 5 P’s van ’n bemarkingstrategie.

- Produk: handelsnaam, beeld, etikette, verpakking
- Promosie: reklame en advertensies
- Prys en prysberekeningstrategie
- Plek: verkoopspunte
- Persone: teikengroepe en opname wat die bemarking doen

## Eenheid 5 Volhoubare winsgewendheid van ’n besigheid

### Eenheidsoorsig

In hierdie eenheid ondersoek die leerders:

- volhoubare winsgewendheid
- finansiële haalbaarheidstudie, wat produksiekoste, verkoopprys, toeslag, wins, aanvangsbehoeftes en bates insluit.

# Hoofstuk 2 Kleding

## Hoofstukoorsig

Leerders gaan in hierdie hoofstuk ingelig word oor mode en voorkoms, die rol van voorkoms in die wêreld van die werkomgewing, en oor verbruikerskwessies betreffende klere en tekstiele. Leerders gaan uitvind wat mode is, die invloede wat hedendaagse modes bepaal, en hoe modes aanvaar word. Dan gaan hulle ook moderne modeneigings uniek tot Suid-Afrika ondersoek en leer van modeterminologie, verskillende modesiklusse, giere, standaardneigings en klassieke modesiklusse met die klem op jong volwassenes.

Leerders gaan ook leer hoe om aan te trek in die werkomgewing. Hulle word bekendgestel aan korporatiewe kleredragkodes, wat ʼn voorgeskrewe uniform kan wees of nie, en die keuse van klere vir elke dag en vir verskillende situasies wat verband hou met die werkplek. Hulle kry ʼn stel riglyne vir die kies van klere en toebehore en ʼn basiese plan vir ʼn werkdrag-klerekas.

Laastens word verbruikerskwessies t.o.v. klere en tekstiele, die volhoubare gebruik van tekstiele en klere, en die uitwerking van identiteitsdiefstal op wettige handelsmerkbesighede bespreek.

## Eenheid 1 Mode

### Riglyne vir onderrig

- Jongmense stel in modes belang en sowel jong mans as jong vroue wil graag goed lyk. Om volgens die mode geklee te wees, is goed vir hul eiewaarde. Daar is geen twyfel nie dat hulle dit sal geniet om deur hierdie eenheid te werk.
- Ons gaan in dié eenheid kyk na wat mode is, na modeterme en hoe modes kom en gaan. Sommige modes het ʼn kort leeftyd; ander bly weer in die mode vir ʼn hele paar seisoene. Jong volwassenes is voortdurend op die uitkyk vir iets nuuts in alles om hulle; die neiging word ook in die klere wat hulle kies, weerspieël.

## Eenheid 2 Voorkoms in die werkplek

### Eenheidsoorsig

Hierdie eenheid behandel die belangrikheid van voorkoms in die werkplek, kleredragkodes, korporatiewe klere en uniforms, en toepaslike kleredrag vir die werksituasie.

### Riglyne vir onderrig

Behandel die idee met leerders dat aantrek vir die werk nie beteken dat klere gedra word wat noodwendig hul eie kleresmaak weerspieël nie. ʼn Werksklerekas weerspieël die beeld van die werkgewer en hoe werknemers klere vir die werk kies, sal hul prestasie en aanvaarding deur hul kollegas beïnvloed. Laat die leerders ʼn klerekas geskik vir ʼn werkomgewing saamstel en hul kennis van ontwerpelemente en -beginsels in die proses toepas. Bespreek hoe om aan te trek vir verskillende geleenthede, insluitend sosiale verkeer met kollegas en kliënte. Laat leerders nadink oor uniforms wat hulle ken, bv. die Poskantoor, Polisie, Weermag en winkels soos Woolworths, Checkers, Shoprite,

Pick n Pay en Fruit and Veg City. Wat laat klandisie van hierdie korporatiewe uniforms hou? Hulle kan die werknemers vra hoe hulle self oor die uniforms voel.

## Eenheid 3 Verbruikerskwessies rakende klerasie en tekstielstowwe

### Eenheidsoorsig

Hierdie eenheid behandel twee aspekte: impak van klerevervaardigingsprosesse en verbruikersgedrag op die natuurlike omgewing en op die ekonomiese omgewing; en tweedens die invloed van rowery op handelsmerke en handelsmerkgoedere op die ekonomie.

### Riglyne vir onderrig

- Doen navorsing oor historiese en moderne vervaardigingsprosesse en bespreek dit.
- Druk internetartikels uit en kopieer dit vir leerders wat nie toegang tot die internet het nie.
- Soek tydskrifartikels of koerantberigte wat oor hierdie onderwerpe handel.